# SAWA ALBATROS

# NUUSBLAD

# JUNIE 2018

## UIT DIE VOORSITTER SE STOEL



Goeiedag Alabatros,

Hoe geseënd is ons nie met die reën wat geval het nie?  Dit is sommer wonderlik om weer ‘n winter in die Kaap te kan beleef.

So tussen al die koue en reën het ons heerlik gekamp by Altydwater en groot pret gehad met ons jaarlikse potjie kompetisie.  Dankie aan almal wat met soveel geesdrif en goeie gesindheid deelgeneem het.

Ons staan nou nader aan die einde van die SAWA jaar en ek wil net weereens almal herinner dat ons AJV in Augustus plaasvind.  Kom kamp asseblief saam met ons by Ouskip en gee jul insette by die vergadering.

Ons jaarlikse dans is 4 Augustus by Westcliff vaardigheidsskool.  Bespreek asseblief tafels by Benita Stramrood.  Dit gaan weer groot pret wees en ons hoop om julle almal daar te sien.

Aan al ons skoolkinders, geniet die vakansie en bly warm.

Albatros groete,

Esme

# Gedagte vir die dag



EN DAN WAG JY....

Het jy geweet dat daar n sekere tyd in die jaar is wat die Arend kragteloos raak? Waar sy pote en snawel so aangepak raak en dan vlug hy na die kranse toe, waar hy begin om sy vere uit te trek en sy snawel en pote teen die kranse skuur om sodoende al die aanpaksel af te kry wat met tyd opgebou het.

So sit die kaal arend dan daarbo en wag, hy wag vir nuwe krag en nuwe vere.
Elke dag dan klap hy vlerke om te voel of hy al krag het....wat n gesig! n kaal arend!

So begin hy vere kry en sy kragte word meer tot op n dag wat hy waag en hy weer vry in die lug begin sweef opsoek na nuwe prooi.

'N mooi verhaaltjie maar wat ek en jy ook in ons lewens kan toepas. Ons raak ook aangepak in die lewe van al die laste en probleme dat ons soms kragteloos raak. Ons voel vuil en belas en wil vlug na die berge, maar Jesus het n antwoord daarvoor. Hy se: kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.

Waar is dié plek? In jou binnekamer. Daar kom jy naak tot stilstand voor God waar jy jou laste afskuur en alles afpluk wat jou so belas en kragteloos maak. Waar jy stil raak en jouself sien soos God jou sien...Sonder die voorgee en die aanplaksels...Kaal sonder eie ek en eie krag.

En dan WAG JY - ons wil te vinnig opspring en aangaan, maar kyk na die Arend wat gewag het op nuwe vere en nuwe krag. Die Here wil jou toerus met nuwe krag en hoop om in vryheid vir Hom te kan leef, nie in gevangenis van laste en sonde nie.

Daarom sê die Here: maar dié wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die Arende; hulle hardloop en word nie moeg nie; hulle wandel en word nie mat nie. Gebed in jou binnekamer is jou KRANSE......die plek waar jy ontmoet met jou Maker......

Maak tyd en gaan in jou binnekamer, gooi al jou laste van jou af en wag op die Here vir nuwe krag. En dan wag jy op Hom en jy wag tot jy soos die arend voel daar is nou nuwe krag in my vlerke en ek kan baie hoer vlieg omdat ek soveel nuwe krag het. . .Amen!

Mooi dag vir almal!

# Altydwater

Die naweek van die 25ste – 27ste Mei het Albatros by Altydwater gekamp. Die weer was perfek en die kampterrein was mooi en netjies.



Ons was 20 Albatros lede, 1 ander lid en 4 gaste wat die naweek gekamp het.

Vicky Oosthuizen was ons kampleier vir die naweek.

Christel Sadler het 'n wynproe gereël vir al die lede en gaste. Almal het die wynproe geniet.

Daar was ook mark tafels waar lede hul produkte kon verkoop het.



Joos Knipe het 'n potjiekompitiesie gereël en almal het lekker saam gekuier en die naweek geniet.

Sondagskool was deur Marike Viljoen in die natuur aangebied, die kinders het dit vreeslik geniet.

Theo Roux het Sondag boekevat gedoen.





# Lief en Leed

Lief

- Christo Snyman is ontslaan uit die hospitaal
- Dit gaan goed met Florence Snyman
- Dankbaar Albatros floreer en doen baie goed

Leed

- Christel Sadler was in die hospitaal
- Gary de Volgel se pa is oorlede
- Esme Knipe – haar knie gee baie probleme
- Esme Coetzee was vir ‘n operasie
- Heino Wessels se suster en swaer is oorlede



# Toekennings
## Potjiekos kompetisie



1ste Plek – Elmarie Burger, Sanette en Leana



2de Plek - André Kotze, Erna Venter, Theo en Corné Roux, Johan en Rina van Zyl




2de Plek Anita & Wiaan Hanekom,



3de Plek – Cobus & Marike Viljoen en Elmar & Corné Jenkins

# Verjaarsdae

## Julie

| | |
|---|---|
| Viljoen - Corlea | 1 |
| Tattersall - Natasha | 2 |
| Theron - Dewald | 7 |
| Kotze - André | 11 |
| Laubscher - Lienka | 11 |
| Roux - Tossie | 12 |
| Staples - Warnerr | 12 |
| Frick - Margeaux | 16 |
| Viljoen - Rossouw | 16 |
| Stander - Sarie | 18 |
| Van Niekerk - Annerie | 21 |
| Van Eeden - Alida | 24 |
| Jenkins - James | 27 |
| Erasmus - Mia | 27 |
| Van Niekerk - Luwan | 30 |

## Augustus

| | |
|---|---|
| Frick - Hendri | 2 |
| Roux - Theo | 4 |
| Jenkins - Corné | 4 |
| Smit - Rian | 5 |
| Knipe - Johannes | 6 |
| Theart - Hester | 7 |
| Smith - Jolanda | 9 |
| Van Greunen - Rouhann | 10 |
| Van der Merwe - Carlos | 15 |
| Van Eyk - Johlene | 18 |
| Larcher - Jordyn | 18 |
| vd. Westhuizen - Andre | 20 |
| Visser - Jean | 20 |
| Wessels - Heino (L Coetzee) | 22 |
| Mennigke - Luan | 24 |
| Van Greunen - Karla | 27 |
| Correia - Isabel | 28 |
| Van der Merwe - Schalk | 29 |
| Stofberg - Hermien | 31 |



# Lindi Theron se seekos mengelmoes pasta pot

2 blikkies Tuna

2 blikkies gerookte mossels

1 pakkie klaar skoon gemaakte shrimps/prawn sterkies

Knoffel op gekap

1 potjie room

Maak groot pot kaas sous, gebruik die olie van die gerookte mossels en gooi dit ook daarby.
Braai fyn gekapte ui in pan, gooi dan tuna, mossels en shrimp in die pan, lekker baie growwe peper, knoffel en sout na smaak.

As shrimp kleur gekry het gooi alles by die kaas sous, laat dit prut en alles lekker meng.

Kook Tagliatelli pasta tot gaar.

Skep pasta uit as gaar en skep dan see kos mengsel bo oor, alles kan gemeng word indien dit jy so verkies.

Hierdie kan op die vuur of op die stoof gemaak word.

Bedien met ‘n lekker vars knoffel broodjie en natuurlik ‘n glasie wit wyn.



# Volgende Kamp

Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie

Die Bestuur nooi u hartlik uit na ons saamtrek

22 – 24 JUNIE 2018
***VAN ZYL'S RUS***

<u>KENNISGEWING</u>

Naweektarief : R560 vir naweek
(maksimum 4 per plot)

Kampleier : Alex Stramrood

Bestuur : Benita Stramrood




**PROGRAM – SAL BY KAMP UITGEGEE WORD**

**RSVP @ 18 Junie 2018 – Riana Potgieter**
**Selnr: 084 610 1612**

Beverley Kotze
Sel 083 234 6413
**sawaalbatros@gmail.com**

## Kommentaar

*Altyd lekker!! Pragtige plek. Ons kuier lekker dankie!! – André Potgieter*

*Ons as gaste wil net baie dankie sê vir die samekoms. Ons voel sommer tuis. En geniet die kamp baie – Rina & Johan*

*Vir ons as 1ste besoekers is elke oomblik vir ons nuut en 'n verrassing. Lieflike mense om mee te grap en te gesels. En ons leer so baie! Dankie dat u ons so 'n heerlike naweek laat beleef het. – Philip & Christa van Schalkwyk*

*Baie mooi terrein. Net jammer van die toegangspad en dat ons gaan vassit het met die bus. Gelukkig het die boer tot ons redding gekom. Marktafels was 'n wenner. – Alex & Benita*

*Lekker gekamp saam met vriende en mede – kampers. – Elmar, Corné, James & Elri*

*Wat 'n verrassing – Altydwater. Love ons SAWA familie. Julle is awesome. – Rian, Debbie & Reinhard Smit*

*Pragtige plek, wonderlike natuurskoon. Kragtoevaar kan verbeter. Lekker kuier saam met sielsmense. Dankie almal. – Kobus en Wilma*

*Baie dankie Albatros julle het ons besonders welkom laat voel. Heerlike naweek vol lekker lag en pret. Pragtige uitsig en terrein. Ons wag in spanning vir die volgende kamp. Van die: potjiekos kampioene – Pierre, Elmarie, Sanette en Leana*

*Awesome weekend! Will do this camp site definitely again. Tracy*

*Heerlike kuier hier by Altydwater, puik staanplekke en goed gereelde naweek – Gerhard en Sandra*



# Kiekies


























WELCOME
DuToitskloof wines
WINE TASTING SHEET





















SHEET




Jeep






adidas



























Marli




Jessica













Geluk
Hoop
Liefde
Vreugde







sJUIP
en
VAL









Jacques






Jessica








Jacques
Luhann
Jessica
Jeandre
James.
Stiaan
Malan
Reinhardt






Jacques
Luhann
Jessica
Jeandré
James.
Stiaan
Marli
Malan
Reinhardt














EMPOWERMENT
IN ACTION












COMPANION
FOX
I JUST AWESOMED ALL OVER MYSELF






THE DU TOITSKLOOF JOURNEY

